durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

10 Maart 2019



## God luister, maar Hy dissiplineer ook

**10 Maart 2019,**
**Preekreeks TRINITEIT: VADER**
**2de Lydensweek**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Pieter Henning*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz ook saam in kerk se ouditorium**

18:00 **@6 Diens**
*Ds. Johan Els*

**Deuroffer: Straatwerk**

Reik uit na mense in nood bv.: prostitute, hawelose mense, diegene betrokke by nagklubkultuur soos dwelhandelaars. Deel die Goeie Nuus van Jesus met hulle.

**17 Maart 2019,**
**3de Lydensweek**

08:15 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Mizelle Prinsloo*

**Deuroffer: Toerusting Missionêr**

**Meer TERUGVOER oor die PLAASFEES SAL 7 April gebeur wanneer skole oop is.**



### NUUS:

10 Maart: Belydenisaflegging
12 Maart: Doopkategese
15 Maart: Skole sluit

2 April: Skole open
7 April: Doop

### Eienskappe van God

**Hy luister**

Besef tog dat die Here wonders gedoen het vir die wat aan Hom getrou is. Die Here hoor as ek na Hom roep. Psalm 4:4

Hy luister na jou omdat Hy jou liefhet. Wat 'n gerusstelling dat Hy jou nie net hoor nie, maar jou sy onverdeelde aandag skenk. En dit is hoekom jy behoort te bid. God is nie jou handlanger wat heeltyd moet regstaan nie. Maar Hy is jou hemelse Vader wat hoor en sy kinders antwoord.

**Hy dissiplineer**

My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie, want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem. Hebreërs 12:5-6

Omdat God jou liefhet en jaloers waak oor jou, sal Hy jou dissiplineer wanneer dit nodig is.

As jy swaarkry, beteken dit een van twee dinge. Of God wil jou deur die pyn leer om te steun op sy genade en algenoegsaamheid, óf Hy wil jou leer om terug te keer na sy genade en algenoegsaamheid.

**Hy is Vader**

Ons Vader wat in die hemel is … Matteus 6:9

Hy is jou Vader en jy is deel van sy familie. Dit is die sekerheid wat die evangelie bied: In Jesus Christus verwelkom God jou as sy kind. Hy waak oor jou en sorg vir jou. Jy het as persoon wat na die beeld van God geskape is en deur Jesus as sy kind aangeneem is, veel groter waarde. Die Here is jou Vader en daarom is sy oë altyd op jou gerig te midde van al die verskrikkings wat jy deurmaak.

**Hoe bid ons** – Bid tot God ons Vader – ABBA

" en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees," sê die Here, die Almagtige. 2 Korintiërs 6:18

En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! Galasiërs 4:6

God begeer dat ons 'n intieme verhouding met Hom as Vader het, en om ons regte as 'n kind te ken voordat ons wandel in ons verantwoordelikhede as rentmeesters.

***Hoe luister ons***

*Bid oor die volgende vrae:*

*Wat leer die naam Abba my van God?*

*Wat leer die naam Abba my van myself?*

*Wat kan ek nou gaan doen, omdat ek die naam Abba beter verstaan?*

**Hoe leef ons**

Aan wie het die Here getrouheid bewys/ wonders gedoen? Sien die ooreenkoms in Johannes 10:27 en 28 en bespreek

God luister na jou omdat Hy jou liefhet. Dit is een van Sy eienskappe. Dit is gerusstellend.

Waarmee sukkel ons om in God se teenwoordigheid te kom?

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep




## NAALDWERK-PROJEK

Ons benodig by Morningstar iemand wat die uitreik kan bestuur.

Pligte:

Hanteer die fondse en uitgawes (baie kleinskaal).

Doen aankope van koffie/tee ens, soos nodig.

Instandhouding van masjiene (reël vir diens)

Ontvang donasies (materiale ens). en hanteer verkope daarvan.

'n Helpende hand met fisiese naaldwerk (hoef nie 'n spesialis te wees nie.)

Slegs skoolkwartale op Maandae van 8.00 / 8.30 tot 13.00.

Skakel Dale 082 353 8260





Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

regeneration

'n Jaarlikse hoogtepunt op die seniorjeug bekend as Regeneration se kalender is die HIStorymaker Kamp.

Ons het hierdie jaar by Base Adventures buite Rawsonville gekamp waar ons gesels het oor die maskers wat ons elkeen dra.

Die fokus was om ons te help om die verskillende maskers wat ons dra, te identifiseer en daarvan ontslae te raak - dit wat tussen ons en God staan en weghou van Hom en die mense om ons.

Ons het ook pret gehad op Base Adventures se hindernisbaan, asook lekker geswem in die heerlike koue rivier.

Ons wil dankie sê aan elke ouer wat hulle tiener gestuur het om die kamp moontlik te maak.

















# GRAANENDAL KERKPLANTING

Om 'n nuwe gemeente in Graanendal te plant, is een van Bergsig se prioriteite vir die volgende paar jaar.

Die loodspan is nou al 'n jaar besig met 'n "Koffie Fellowship" wat twee Maandae per maand bymekaar kom by "Die Kofieman".

Ons is opgewonde oor die 40 mense wat reeds by ons ingeskakel het wat nie by 'n ander gemeente ingeskakel was nie.

Ons is besig om deur middel van "Urban Runs" die Graanendal gemeenskap te leer ken en op so 'n manier verhoudings te bou wat ons nie sommer by 'n tradisionele kerk sou kry nie. Ons het 17 Februarie ons eerste "Urban Run"aangebied wat deur 35 mense bygewoon was. Dit was 'n baie lekker geleentheid en ons is nou besig om 'n "Urban Night Run" te reël vir 15 Maart 2018. Ons nooi enige iemand uit om saam te kom hardloop of stap.

Vir enige vra rondom die "Run"of kerkplanting besoek gerus, www.mygraanendal.co.za of kontak vir Arno Mattheus of Ds. Johan Els.













**INcontext** as Christene bid ons ook saam vir die wêreld, daar waar ons self nie kan wees nie. Besoek die Internasionale "hot spot" gebedsbord in die binnehof.




**MANS TGIF** 05:45
Vrydagoggende - Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

LOCAL IS **lekker** DIEMERSDAL

**DURBANVILLE PLAASFEES™**

Kinderblikkies:

OppiKoppi wenner - Janu Burger

10 Gratis pretritte - Bianca van der Westhuizen

## KINDERBLIKKIES KOMPETISIE

**1STE PRYS** geborg deur **www.opikopipartytjies.co.za**

**ONS DANK DIE HEER EN GEE AAN HOM DIE EER.**



**Almal is lekker gedaan - soos een vrou sê: "vanoggend waggel ek soos 'n eend!" Almal se voete en spiere is seer gewerk na gister se lekker plaasfees.**

**Baie dankie aan elkeen wat gehelp het, skenkings gemaak het en vir al die opofferings. Julle word waardeer.**




In 12 jaar het die lewe vreeslik verander en tog met genade van Bo kry ons dit reg om steeds 'n plaasfees te organiseer en aan te bied vir die gemeenskap. Hierdie inisiatief van Bergsig gaan oor SPANWERK, ons ingesteldheid, houding en diensbaar wees. Die eie ek word begrawe wanneer ons verby ons kapasiteit gerek word.

Dit is 'n vreugde om verhoudings te bou en mekaar beter te leer ken terwyl ons so skouer aan skouer werk. Dit is geensins maklik nie, maar ons is en bly DANKBAAR.

Ons sien hier 'n advertensie en 'n foto van die eerste plaasfees - 20 September 2008.



DURBANVILLE · PLAASFEES ·

scan to donate now · zapper · donate with · VISA · and many more · www.zapper.com

## NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 O18 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan · Snap here to pay

https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527